



SA BOERPERD TELERGENOOTSKAP: JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016
KZN KLUB

BESTUUR VAN DIE KZN KLUB:

Voorsitter : Charles Campher
Ondervoorsitter: Martin Campher
Sekretaresse : Ansia Campher
Streekverteenvoordiger: Theunis Pretorius

DATUMS VAN KLUBVERGADERINGS

(Notules is beskikbaar gestel):

- 16 September 2015
- 16 Januarie 2016
- 09 April 2016

INLEIDING

Die KZN klub het onder omstandighede 'n baie goeie jaar gehad. Daar het vyf nuwe lede aangesluit wat reeds positiewe bydraes tot die klub gelewer het! Die ooievaar was ook op sy pos en vier nuwe ruitertjies is in 2015/2016 gebore! Ons klub moes tragies afskeid neem van Martiens Janse van Rensburg. Dit was 'n harde slag vir ons Klub. Ons innige simpatie met Corrie en die twee meisiekinders.

KZN KAMPIOENSKAPPE 2016

As gevolg van die hoë uitgawes, het die klub besluit om nie in 2016 saam met Hoëveld klub, Mpumalanga te skou nie. 'n Voorstel is gemaak om die KZN Streekkampioenskap saam met die *Royal Agricultural Show* in Pietermaritzburg te hou. Hulle het aan ons 'n baie aanloklike en finansiële voordelige aanbod gemaak wat ons nie van die hand kon wys nie. 'n Verdere voordeel was dat ons ons ras ook aan die Natal Middellande kon bekend stel. Die skou het plaasgevind op hulle pragtige skougronde van 30 Mei – 1 Junie 2016. Baie dankie aan Theunis Pretorius vir sy skakeling met die *Royal Show* se organiseerders.

Al was daar net 25 perde ingeskryf vir die skou, was dit 'n reuse sukses! Die skuif van die skou was 'n baie goeie besluit, nie alleen op finansiële vlak nie maar ook vir die ruiters, vertoners en toeskouers. Die *Royal Show* se komitee het ons SA Boerperde persoonlik bedank en beklemtoon dat hulle die SA Boerperde vreeslik geniet het - voorwaar 'n skou om op voort te bou! Baie dankie aan Riana Pretorius wat as universele en tradisionele beoordelaar opgetree het, asook Rhonda Monroe wat die Dresseer beoordeel het. 'n Groot dank gaan uit na Judith McLeod wat ons aankondiger, asook Skouspring beoordelaar was.

HINGSKEURING

Daar is voorgestel dat KZN telers by die Vrystaat of Mpumalanga se Hingskeurings sou inskakel om kostes te bespaar. Dit het baie goed gewerk.

STREEKVERTEENWOORDIGERS

Die kwessie van die Streeksverteenvoordigers het groot onmin veroorsaak, maar dit is afgehandel en 'n brief is aan die Raad gestuur om te die kwessie op te klaar. Mnr. Campher is herverkies as voorsitter van die KZN klub en die Raad beskou die saak as afgehandel. Theunis Pretorius is tans die amptelike KZN Streekverteenvoordiger.

PLESIERRIT

Vir later in die jaar beplan die klub-komitee aan 'n heerlike plesierrit in die September vakansie en die lede is baie positief om 'n reuse sukses van volgende jaar se KZN Kampioenskappe tydens die *Royal Show*, Pietermaritzburg te maak!

Charles Campher
VOORSITTER